# RIEPIE2WEEKLIKS

27 Maart 2026

UITGAWE 69



**HOU DIE DATUMS OOP:**
Kwartaal 2

**RUGBY & NETBAL**
Voorbereiding vir die liga goed op dreef.

**ATLETIEK**
*Méhanri neem deel aan die SA's.*

**SUPER M'ETJIES**
*Veiligheid eerste*

**#FAMILIETYD**

# PAASFEES

TROTSE RIEPIE
LEWE & STREWE








# Uit die pen van *Die redakteur*

Dit is die einde van die eerste kwartaal van 2026 en baie van ons wonder 'hoe is dit moontlik'? Ons lewe teen 'n ongekende snelheid en die pas moet deurentyd volgehou word. Dit is egter bitter nodig om êrens die spoedvraat in ons stil te maak en tyd te maak vir herlaai, herstel en ook om te herbesin…of dit wat ons so jaag werklik die moeite werd is.

Ons vier Paasfees tydens die kort vakansie. 'n Tyd vir familie, vir saamwees, vir stilwees. Jesus is ons bron van krag en ons word opnuut in hierdie tyd daaraan herinner. Die kruis, die lyding en toe…die stilte. 'n Bewys dat om stil te word broodnodig is. Na drie dae word die stilte verbreek, want 'n leë graf beteken **lewe vir elkeen wat glo**.

Mag elkeen in hierdie Paastyd die waarde van stilwees besef en beleef. Koester jou geliefdes, want soos Breyten Breytenbach sê : "Die lewe is 'n asem lank". Lewe dus met minder spoed en met meer tyd vir die dinge wat werklik saakmaak.

*#PaasfeesFamilietydStilwordtyd*




In die vorige uitgawe kon niemand die spelfout opspoor nie, selfs nie die een wat per ongeluk deurgeglip het nie. Renier die Rooiduiker het ook nie sy opwagting gemaak nie. Hou elke uitgawe maar fyn dop. Renier hou daarvan om onverwags op te daag.

## HOE SPEEL JY SAAM?

1. Soek in elke uitgawe vir Renier die Rooiduiker of die versteekte spelfout.
2. Neem 'n skermskoot en stuur dit aan Marjorie (084 252 4567).
3. Ons plaas 'n foto van die wenner/s in die volgende uitgawe.

# DAGBOEK DIE DATUMS

Kwartaal 2

| DATUM | DAG | |
|---|---|---|
| 8 Apr. | Wo. | SKOOL OPEN |
| 10 Apr. | Vr. | R5-verkope by juf. Annie se Paasfeeswinkel |
| 11 Apr. | Sa. | Tannie Carien de Lange verjaar |
| 13 Apr. | Ma. | VR-education |
| | | Netbal : “Cluster” -proewe (o. 12 & o. 13) @ Ls. Mariepskop |
| 16 Apr. | Do. | Netbal : Distriksproewe (o. 12 & o. 13) @ Ls. Dr. Annecke |
| | | Tannie Lydia verjaar |
| 23 Apr. | Do. | Netbal : Vriendskaplik vs LA @ Ls. Mariepskop |
| 25 Apr. | Sa. | Mininetbal : PEP mininetbaldag @ |
| 27 Apr. | Ma. | VRYHEIDSDAG |
| 1 Mei | Vr. | WERKERSDAG |
| 5 Mei | Di. | Rugby : Letaba-proewe |
| 6 Mei | Wo. | Juffrou Annie verjaar |
| | | Kleuterskool : Mammamiddag |
| 7 Mei | Do. | Khomotso verjaar |
| | | Rugby : Liga vs Unicorn @ Ls. Mariepskop |
| | | Netbal : Vriendskaplik @ Southern Cross @ Ls. Mariepskop |
| 8 Mei | Vr. | Netbal : Finale proewe |
| | | Juffrou Irma verjaar |
| 9 Mei | Sa. | Netbal : Finale netbalproewe |
| 10 Mei | So. | Moedersdag |
| 12 Mei | Di. | Merriam verjaar |
| | | Rugby : Liga vs Ohrigstad @ Ls. Ohrigstad |
| 14 Mei | Do. | Hemelvaartdag |

***NEEM KENNIS** : Alle datums is onderhewig aan verandering.*

admin@laerskoolmariepskop.com
079 529 6071
Maréstraat 9, Kampersrus

# DAGBOEK DIE DATUMS

Kwartaal 2

| DATUM | DAG | |
|---|---|---|
| 15 Mei | Vr. | Rugby : Provinsiale proewe o. 12 |
| 16 Mei | Sa. | Rugby : Provinsiale proewe o. 13 |
| | | Bulletjierugby & Mininetbal @ Rooiskool |
| 19 Mei | Di. | Netbal : Liga vs Drakensig @ Ls. Mariepskop |
| | | Rugby : Big 5 vs Drakensig @ Ls. Mariepskop |
| 21 Mei | Do. | Rugby : Big 5 vs Dr. Annecke @ Ls. Dr. Annecke |
| 22 Mei | Vr. | Rugby : Provinsiale oefenkamp |
| | | Netbal : Provinsiale oefenkamp (Alle ouderdomme) |
| 23 Mei | Sa. | Bulletjierugby & mininetbal @ Ls. Duiwelskloof |
| 25 Mei | Ma. | Rugby : Big 5 vs Duiwelskloof @ Ls. Duiwelskloof |
| 26 Mei | Di. | Netbal : Mopani Laerskool-kampioenskappe |
| 28 Mei | Do. | Rugby : Liga vs Heuwelkruin @ Hs. Ben Vorster |
| 29 Mei | Vr. | Netbal : Provinsiale oefenkamp (Alle ouderdomme) |
| 30 Mei | Sa. | Bulletjierugby & mininetbal @ Ls. Mariepskop |
| | | Netbal : B-liga kampioenskappe |
| 31 Mei | So. | Juffrou Mareli verjaar |
| 2 Jun. | Di. | Rugby : Big 5 vs Rooiskool @ Ls. Phalaborwa-Noord (Rooiskool) |
| 5 Jun. | Vr. | Rugby : Provinsiale rondte 1 |
| | | Floyd verjaar |
| 6 Jun. | Sa. | Provinsiale rondte 2 |
| 9 Jun. | Di. | Juffrou Marjorie verjaar |
| 12 Jun. | Vr. | Rugby : Provinsiale rondte 3 |
| 13 Jun. | Sa. | Rugby : Provinsiale rondte 3 |

***NEEM KENNIS** : Alle datums is onderhewig aan verandering.*

admin@laerskoolmariepskop.com 079 529 6071 Maréstraat 9, Kampersrus

# DAGBOEK DIE DATUMS


Kwartaal 2

| DATUM | DAG | |
|---|---|---|
| 16 Jun. | Di. | JEUGDAG |
| 17 Jun. | Wo. | Rugby : Limpopo-kampioenskappe (Klein en medium) @ PHS |
| 21 Jun. | So. | Hokkiekliniek (Seniors) |
| | | Rugby : Provinsiale rondte 4 |
| | | **Juffrou Denise verjaar** |
| | | Vadersdag |
| 22 Jun. | Ma. | Rugby : Provinsiale rondte 4 |
| | | Hokkiekliniek (Seniors) |
| 23 Jun. | Di. | Hokkiekliniek (Seniors) |
| 24 Jun. | Wo. | Hokkiekliniek (Juniors) |
| 26 Jun. | Vr. | **SKOOL SLUIT** |

***NEEM KENNIS*** *: Alle datums is onderhewig aan verandering.*



Op 13 April kom VR Education weer by ons kuier met hulle oulike VR-toestelle. Hierdie geleentheid beloop **R50 per leerder** en kan kontant of in die skool se rekening inbetaal word met verwysing. R50 = Naam van leerder & VR. Stuur asb. die POP na die voogonderwyser.



10 April het ons 'n R 5–stalletjie in die skoolsaal tydens 1ste pouse. Bring jou munte en geldjies en koop lekker Paasfees soetgoed.



admin@laerskoolmariepskop.com
079 529 6071
Maréstraat 9, Kampersrus

RIEPIES REP EN ROER

# ALGEMEEN

## ATLETIEK

Méhanri Scheepers het op 20 Maart die Riepies (en vir Limpopo) by Green Point Stadium in Kaapstad by die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe verteenwoordig in die 70 m-hekkies vir dogters o.10. Sy het 6de in haar lopie geëindig en ongelukkig nie deurgedring na die finaal nie. Die Riepies is egter **ongelooflik** trots op haar!




## RUGBY

Die rugbyseisoen skop af met die eerste vriendskaplike wedstryd teen Ls. Witrivier op tuisbodem op Vrydag 13 Maart. Met 'n stadige begin tot 'n nat en reënerige dag het die o.11-seuns puik verdediging getoon tydens hul wedstryd, maar kon ongelukkig nie die aanval van Witrivier stuit nie. Ons eerste span het egter uitstekende veggees gewys en daarin geslaag om die wedstryd met 10–5 te wen. Die netbalwedstryde is gekanselleer weens die nat bane.

Ons jaarlikse rugbyweek was ook 'n groot sukses en 'n fantastiese leerskool vir ons rugbyseuns.

Sommer so in dieselfde asem, neem die o. 9 -span op 24 Maart by die Larriefees in Tzaneen deel. Reën skrik gelukkig nie 'n Riepie rugbyman af nie.







RIEPIES REP EN ROER

# ALGEMEEN

## NETBAL

Die o. 9-, o. 10- en o. 11-dogters het op Dinsdag 24 Maart aan die Larriefees by Ls. Tzaneen gaan deelneem. Alhoewel die reën so bietjie gepla het, het dit nie die Riepies gekeer om hierdie geleentheid aan te gryp ter voorbereiding vir die netbalseisoen wat voorlê nie.

Terwyl die ouer dogters aan die Larriefees deelgeneem het, span die mininetbalafrigters die mini's in om hul netbalvaardighede op te skerp. Die afrigters het gesorg vir 'n prettige kliniek om die mini's aan die basiese vaardighede van netbal bloot te stel.







## REDENAARS

Redenaars gee leerders die platform om hul sê met selfvertroue te sê - 'n vaardigheid wat hulle in die toekoms aan die voorpunt van hul veld sal plaas. Ons het 24 brawe "raakpraters" gehad wat aan die junior en senior redenaarsaande formeel of informeel deelgeneem het. Nege van hierdie leerders vorder na die tweede rondte op 20 April in Tzaneen.











## Juf. Corlia sê....



Baie geluk aan al ons leerders met julle harde werk hierdie kwartaal! Julle rapporte is huistoe gestuur en ons is trots om te sê dat almal baie goed presteer het. Julle toewyding en deursettingsvermoë wys regtig.

Nou is dit tyd om bietjie te rus en die vakansie te geniet. Mag julle hierdie ruskans gebruik om nuwe energie op te bou.

Ons sien baie uit daarna om julle weer in kwartaal 2 terug te verwelkom!

## RIEPIE-PERSONEEL

# April

## VERJAARSDAE

**4** Tannie Irene Mashigo




**6** Tannie Migotte Mogakane




**11** Tannie Carien de Lange




**16** Tannie Lydia Louw











## SO GEMAAK... SUPER M'ETJES!

**Tema: Veiligheid in en om die huis.**

Die afgelope twee weke het ons gesels oor veiligheid in en om die huis. Die kleuters het baie geleer oor wat veilig is en wat ons liewer nie moet doen nie. Ons het gepraat oor warm goed,skerp goed en hoe om versigtig te wees.

Ons het ook 'n baie lekker aktiwiteit gedoen waar ons malvalekkers gebraai het. Dit was beslis 'n groot gunsteling! Terwyl ons dit gedoen het, het ons weer gepraat oor veiligheid met en rondom 'n vuur.

Ons het baie geleer, maar dit was twee lekker weke vol nuwe kennis en praktiese leer wat beslis nie gou deur die kleuters vergeet sal word nie.




Hempies met persoonlikheid!



Pers sonder om te beplan.

## Kleuterklets

Juffrou:" Wat is fout?"
Kleuter:"My love bite is seer."
Juffrou gaan kyk, om mooi te sien wat aangaan.
Juffrou:"Dis net 'n moesie...Nou wie het vir jou die love bite gegee?"
Kleuter:" Die muskiet Juffrou."

# BOU, KODEER, ONTDEK

ROBOTIKA KLUB

Soek jy 'n prettige en opvoedkundige manier om jou kind se kreatiwiteit en probleemoplossingsvaardighede te inspireer?

Hoekom Robotika?

**SLUIT VANDAG AAN!**



**"Waar jong denkers groot idees bou!"**

Vir wie?

## *Kwartaal 2!*

FIRST LEGO LEAGUE CHALLENGE

LEGO LEAGUE EXPLORE

***First Lego League Kompetisies:***
***Meer inligting sal volg na registrasies!***

***Graad 1-3:***
*Leer deur speel*
*Bou & Ontdek*


***Graad 4-7:***
*Kodeer*
*Ontwerp*
*Uitdagings*

**R150 per les**

**REGISTRASIE:**
Voltooi Googlevorm op klasgroepe

- **Interaktiewe sessies**
- **Kundige instrukteur**
- **Kreatiwe denke**

***Een keer per week!***
***Na skool vir 'n 1-2 ure.***
***Spesifieke dae mag wissel a.g.v. ander skoolaktiwiteite.***



Wanneer?

Louise Matthee

072 757 7224

Laerskool Mariepskop


Sweet Harmony
Hermané van Breda
hermanevbreda@gmail.com
079 297 1278
Sweet Harmony
✓ Birthdays
✓ Anniversaries
✓ All Occasions
Order now!

# ADVERTEER IN DIE RIEPIE2WEEKLIKS!

**Bereik 300 gesinne in een uitgawe!**
**2000+ followers op Facebook!**

**R300 - 1ste plasing**
**R200 - vanaf 2de plasing**

Chantelle Redelinghuys
072 958 0079